



Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

# JAARVERSLAG

JANUARIE 2016 – DESEMBER 2016



**Adres:**

Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria

Privaat sak X11, Arcadia, 0007

Telefoon: 086-133-3786


E-pos: [akademie@akademie.co.za](mailto:akademie@akademie.co.za)

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE  
AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS VIR DIE  
TYDPERK JANUARIE 2016 TOT DESEMBER 2016.

# Inhoudsopgawe

1.	BESTUUR VAN DIE AKADEMIE.....	5
2.	LIDMAATSKAP VAN DIE AKADEMIE .....	6
3.	VERSLAG VAN DIE SA AKADEMIE SE WERKSAAMHEDE JANUARIE 2016 - DESEMBER 2016 .....	9
4.	KOMMISSIES VAN DIE RAAD .....	20
5.	SAKE WAARVAN MELDING GEMAAK MOET WORD .....	21
6.	VERSLAE VAN DIE FAKULTEITE .....	25
7.	VERSLAE VAN DIE WERKGEMEENSKAPPE EN AFDELINGS.....	28
8.	DANKBETUIGING .....	32
9.	LEDELYSTE .....	33

# Woorde van die Voorsitter



“

Geagte lede van die Akademie

Dit is vir my 'n voorreg om in ooreenstemming met paragraaf B.2.2 van die Statuut van die Akademie, die verslag van die Raad vir die tydperk Januarie 2016 tot Desember 2016 aan die Algemene Vergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns voor te lê.

PROF. W.J. PIENAAR

**VOORSITTER** ”



# 1. BESTUUR VAN DIE AKADEMIE

## 1.1 Akademiesraad

Die Akademiesraad is op 1 Oktober 2015 vir 'n tweejaartermyn 2015 – 2017 verkies en is soos volg:

### Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe

Prof. S.M. Beukes (Anne-Marie), Universiteit van Johannesburg  
Prof. I. (Irma) Eloff, Universiteit van Pretoria (Ondervoorsitter)  
Prof. A.E. Feinauer, Universiteit van Stellenbosch  
Dr. M.L.A. (Michael) le Cordeur, Universiteit van Stellenbosch  
Prof. F. (Fransjohan) Pretorius, Universiteit van Pretoria  
Prof. H.P. (Hennie) van Coller, Universiteit van die Vrystaat

### Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie

Dr. P.A.B. (Cassie) Carstens, SA Kernenergiekorporasie  
Prof. J.N. Eloff, Universiteit van Pretoria  
Prof. J.A.A. (Japie) Engelbrecht, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit  
Prof. O.B.W. (Ooppel) Greeff, Universiteit van Pretoria  
Dr. S. Mostert (Sias), SCS Aerospace Group  
Prof. W.J. (Wessel) Pienaar, Universiteit van Stellenbosch (Voorsitter)

Prof. K.J. (Kobus) van der Walt, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

### Ex officio raadslede

Mnr. P.R. (Rudolph) Botha (Voorsitter: Oudit- en Risikobestuurkomitee)  
Prof. Kobus Maree, Universiteit van Pretoria (Redakteur, SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie (SATNT))  
Prof. R.C. (Ina) Wolfaardt-Gräbe, emeritus professor, Unisa (Redakteur, Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW))

## 1.2 Oudit- en Risikobestuurkomitee

Die kommissie bestaan uit die volgende lede:  
Mnr. P.R. Botha (voorsitter), prof. O.B.W. Greeff, me. Olga Kotzé, prof. J.J. Rossouw en J. van der Elst.  
Ex officio: prof. W.J. Pienaar, dr. Dionē Prinsloo en me. Marietjie Botha/ Me Hanlie Willemse (Finansiële Beampte).

### Hoof- Uitvoerende Beampte

Dr. D. (Dionē) Prinsloo



Agter v.l.n.r.: Prof. I.J. van der Walt, dr. S. Mostert, prof. J.N. Eloff, dr. L.E. Brink (Koördineerder: projekte), prof. F. Pretorius, prof. J.A.A. Engelbrecht, mnr. P.R. Botha, prof. O.B.W. Greeff.

Voor v.l.n.r.: Prof. A.E. Feinauer, prof. I. Eloff (Ondervoorsitter), prof. W.J. Pienaar (Voorsitter), dr. D. Prinsloo (Hoof Uitvoerende Beampte), prof. R.C. Wolfaardt-Gräbe.

## 2. LIDMAATSKAP VAN DIE AKADEMIE

### 2.1 Geografies is lede van die Akademie soos volg ingedeel wat die verskillende Werkgemeenskappe betref:

Werkgemeenskap	Erelede	Gewone lede	Emeritus lede	Assosiaatlede	Korresponderendelede	Totaal
Bloemfontein*		18	8			26
Buiteland		34			4	38
Durban		3	2			5
Oos-Kaapland		26	11			37
Pietermaritzburg		1				1
Polokwane		3				3
Potchefstroom		124	12			136
Pretoria	5	240	49	3		297
Vaaldriehoek		15				15
Vrystaat**	1	67	6			74
Wes-Kaap	5	187	62			254
Witwatersrand		74	15			89
Zoeloeland		2	1	1		4
<b>Totaal</b>	<b>11</b>	<b>794</b>	<b>166</b>	<b>4</b>	<b>4</b>	<b>979</b>

\* Slegs NW-lede

\*\*Slegs GW-lede

## 2.2 Ontleding van die lidmaatskap van die Akademie in terme van aanwinste en verliese sedert 2016:

	Junie 2009 tot Junie 2010	Junie 2010 tot Junie 2011	Junie 2011 tot Junie 2012	Junie 2012 tot Junie 2013	Junie 2013 tot Des. 2013	Jan. 2014 tot Des. 2014	Jan. 2015 tot Des. 2015	Jan. 2016 tot Des. 2016
<b>Ledetal</b>	<b>798</b>	<b>776</b>	<b>764</b>	<b>765</b>	<b>781</b>	<b>811</b>	<b>825</b>	<b>813</b>
<b>Emeritus lede</b>	<b>222</b>	<b>216</b>	<b>201</b>	<b>188</b>	<b>183</b>	<b>173</b>	<b>171</b>	<b>166</b>
<b>Totale ledetal</b>	<b>1 020</b>	<b>992</b>	<b>965</b>	<b>953</b>	<b>964</b>	<b>984</b>	<b>996</b>	<b>979</b>

Wins (Verlies) in ledetal:

	Junie 2009 tot Junie 2010	Junie 2010 tot Junie 2011	Junie 2011 tot Junie 2012	Junie 2012 tot Junie 2013	Junie 2013 tot Des. 2013	Jan. 2014 tot Des. 2014	Jan. 2015 tot Des. 2015	Jan. 2016 tot Des. 2016
<b>Nuwe lede</b>	<b>47</b>	<b>23</b>	<b>32</b>	<b>38</b>	<b>24</b>	<b>44</b>	<b>58</b>	<b>15</b>
<b>Bedank/Skrap</b>	<b>37</b>	<b>30</b>	<b>40</b>	<b>22</b>	<b>8</b>	<b>30</b>	<b>19</b>	<b>14</b>
<b>Sterftes</b>	<b>20</b>	<b>21</b>	<b>19</b>	<b>28</b>	<b>5</b>	<b>15</b>	<b>17</b>	<b>18</b>
<b>Totaal</b>	<b>(10)</b>	<b>(28)</b>	<b>(27)</b>	<b>(12)</b>	<b>11</b>	<b>(1)</b>	<b>22</b>	<b>(17)</b>



## 2.3 Nuwe lede

Die volgende persone het in 2016 as lede aangesluit:

### Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe

- Mnr. C.J. Vorster, Bloemfontein (Dept. Drama en Teaterkuns, UV)
- Dr. B.G. Odendaal, Wellington (Nadoktorale Navorsingsgenoot, US)
- Dr. C. Pretorius, Stellenbosch (Dept. Sielkunde, US)
- Prof. E. Swart, Stellenbosch (Dept. Opvoedkundige Sielkunde, US)
- Prof. H.D. Nieuwoudt, Potchefstroom (Vakvoorsitter: Wiskunde-onderwys, NWU)
- Dr. L. Brink, Potchefstroom (Skool vir Hulpbronwetenskappe, NWU)
- Prof. M. Matthee, Potchefstroom (Skool vir Ekonomie, NWU)
- Prof. A. Mukheibir, Port-Elizabeth (Dept. Privaatreg, NMMU)
- Me. F.J. van Vrede, Potchefstroom (Skool vir mensehulpbronwetenskappe, NWU)
- Dr. F. Steyn, Pretoria (Dept. Maatskaplike Werk & Kriminologie, UP)
- Prof. C.P. Kotze, Johannesburg (Skool vir Argitektuur en beplanning, Wits)
- Prof. O.J. Praamstra, Nederland (Dept. Nederlandse Studies, Universiteit van Leiden)
- Dr. R.M. Ramagoshi, Pretoria (Dept. Afrikatale, Universiteit van Pretoria)
- Dr. Bertus de Villiers, Perth, Australië (verbonde aan die Regsfakulteit, Universiteit van Wes-Australië en lid van die "State Administrative Tribunal" van Wes-Australië)

### Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie

- Prof. P. Swart, Stellenbosch (Vise-dekaan: Navorsing, Dept. Biochemie, US)
- Prof. J.S. Allison, Potchefstroom (Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskunde wetenskappe, NWU)
- Dr. A.J. van Zyl, A/W, Pretoria (Dept. Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, UP)
- Prof. K.H. Jordaan, A/W, Pretoria (Dept. Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, UP)
- Mnr. Retief van Wyk, Glaskundige, TUT
- Prof. J.W. Proper, A/I, Poppel, België (Dept. Vervoer en Logistiek, Universiteit Breda, België)





## 3. VERSLAG VAN DIE SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS SE WERKSAAMHEDE: JANUARIE 2016 – DESEMBER 2016

### 3.1 Personeelposisie

Die SA Akademie het tans 6 personeellede:

- Hoof- Uitvoerende Beampte (kontrakpos) – Dr. Dionē Prinsloo
- Koördineerder: Projekte (permanent) – Dr. Linda Brink
- Persoonlike Assistent en Administratiewe Beampte (permanent) – Me. Nellie Engelbrecht
- Finansiële Beampte (permanent) – Me. Marietjie Botha/Mev. Hanlie Willemse
- Administratiewe Beampte – (permanent) – Mev. Melanie Rens
- Administratiewe Assistent vir die kantoor en die museum (permanent) – Me. Shirley Mahlangu

### 3.2 Vergaderings van die Akademiesraad

- Die Akademiesraad het die afgelope verslagtydperk vier keer vergader:
- 31 Maart 2016
- 30 Junie 2016
- 5 Oktober 2016
- 30 November 2016

### 3.3 Engelenburghuis en die nuwe gebou

In 2016 kon die bouwerk 'n aanvang neem nadat die nodige dokumentasie verkry is dat die strook grond wat Atterburytrust aan die Akademie oorgedra het, formeel deur die Stadsraad bekragtig is. Kwotasies is opnuut aangevra en nadat die Boukommissie van mnr. Smit se werk inspekteer het, is die kontrakteur, mnr. Pieter Smit van SMT Contractors CC aangestel. Die terrein is op 5 September 2016 deur hom in ontvangs geneem en die voorbereiding vir die bouwerk het begin. Die argitek, mnr. François van der Merwe, is as projekteier en mnr. Barry Solomon van die firma SSQS, as bourekenaar aangestel. Kundige persone hou streng beheer namens SAHRA dat al die erfenisbewaringsvoorskrifte gevolg word en die nodige dokumentasie korrek is. Waardevolle skilderye word deur UP gestoor en veiligheidsmaatreëls is in plek om te verseker dat die inhoud van die Museum tydens die bou tydperk nie beskadig sal word nie.

### 3.4 Die SA Akademie transformeer/vernuwe/omvorm

Die SA Akademie as liggaam is deurlopend besig om daadwerklik daarna te streef om die demografie van die Afrikaanse gemeenskap in ag te neem. Akademieslede, ook in individuele en persoonlike verband, en Werkgemeenskappe se steun is gevra.

### 3.5 Publikasies deur lede

Die SA Akademie gee graag erkenning aan sy lede vir publikasies (sien Nuusbriewe van die SA Akademie in die verband vir die volledige inligting).

- 'n Beroep word weer op lede gemaak om alle publikasies in tydskrifte of boeke onder die aandag van die kantoor te bring. Stuur asseblief alle inligting na [nellie@akademie.co.za](mailto:nellie@akademie.co.za).

## 3.6 Tydskrifte

### 3.6.1 Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW)

#### Publikasie en beplanning

##### Afgehandelde uitgawes

Die volgende uitgawes het in die loop van 2016 verskyn:

##### Jaargang 56, Nommer 1 (Maart 2016)

Hierdie uitgawe het twee afdelings: 1) 'n Tema-afdeling, Afrikaanse werkwoorde en werkwoordkonstruksies, voorsien van 'n Inleidende artikel deur die gasredakteur, prof. Bertus van Rooy (NWU – Vaaldriehoek-kampus) en 7 navorsingsartikels. Dit dek 'n baie gespesialiseerde (en grotendeels verwaarloosde) terrein in die Afrikaanse taalwetenskap en is uitmuntend versorg deur die gasredakteur. 2) Die tweede afdeling bestaan uit 8 artikels oor verskeie onderwerpe, te wete filosofie (1), joernalistiek (1), Afrikaanse letterkunde (1), (oorlogs)geskiedenis (1), opvoedkunde (2), teologie (1) en Afrikaanse taalkunde (1). Die jaarlikse oorsig van Afrikaans in Nederland (Eep Francken) en die tweede Taalrubriek deur Tom McLachlan verskyn ook in hierdie uitgawe.

##### Jaargang 56, Nommer 2-1 en 2-2 (Junie 2016)

Die Junie-uitgawe van die TGW bestaan eweneens uit twee afdelings – 'n temanommer en 'n afdeling met artikels oor verskillende onderwerpe. Waar die Maartnommer alreeds 288 bladsye beslaan, is die twee afdelings van die Junienommer gesamentlik 430 bladsye. Daar is derhalwe besluit om die Junie-uitgawe in twee afsonderlike boeke, te wete Nr. 2-1 en Nr. 2-2, te laat druk.

Die spesiale tema van die eerste boek (Junie 56, 2-1) is “Oor monnemente gepraat – Afrikaans se eerste neëntig jaar”). Die Taalmonument in die Paarl pryk op die buiteblad en die gasredakteurs was proff. Ernst Kotzé en Fransjohan Pretorius. Die tien artikels word goed toegelig in 'n voorwoord deur die gasredakteurs en dek verskeie bakens op die ontwikkelingspad van Afrikaans: vanaf taalbewegings en die ontwikkeling van vaktaal en 'n verstommende aantal woordeboeke tot “digitalisering” in die voortgesette uitbouing van die taal. Die gasredakteurs verdien besondere vermelding vir 'n weldeurdagte en behoorlik afgeronde verslag van Afrikaans se “monumentale” opgang en voortgesette uitbouing.

Die tweede boek (Junie 56, 2-2) omvat 12 navorsingsartikels oor verskeie onderwerpe, waaronder: geskiedenis (2), ekonomiese geskiedenis (1), politieke wetenskap (1), maatskaplike werk (1), polisiekunde (1), onderwys en opvoedkunde (3), algemene literatuurwetenskap (psigoanalise) (1), en filmteorie en toepassing (1). Die 2de Taalrubriek deur Tom McLachlan verskyn ook in hierdie uitgawe.

##### Jaargang 56, Nommer 3 (September 2016)

Hierdie uitgawe bestaan uit 9 artikels: Godsdienwetenskap (1), Ekonomiese geskiedenis (1), Opvoedkunde (1), Talking (1), Sielkunde (2), Literatuurwetenskap (psigoanalise) (1), Filmteorie en toepassing (1) en Joernalistiek (1).

Benewens die navorsingsartikels is daar in die rubriek AKTUEEL 'n debatsbydrae (Danie Strauss) na aanleiding van 'n artikel in die Junie-uitgawe (Andries Raath) oor die sienings rondom gemeenskap (Danie Goosen) en politieke kommunitarisme (Koos Malan).

Uitnodigings is gerig om deel te neem aan die Spesiale uitgawe(s) van die 100-jarige bestaan van die Taal- en Letterkundekommissies en die Boekeprojek is ook aangekondig.

##### Jaargang 56, Nommer 4 (Desember 2016)

Die Desemberuitgawe is (soos die geval was met die Junie-uitgawe) in twee afsonderlike boeke gedruk:

##### 1. Nommer 4-1: Spesiale tema, Universiteite: Is die kantelpunt bereik? Gasredakteur: André Duvenage

Hierdie spesiale tema is grotendeels 'n voortsetting van 'n spitsberaad wat in Februarie 2016 deur die SA Akademie aangebied is. Prof. André Duvenage van die Noordwes-Universiteit het as gasredakteur opgetree en uiteindelik is 11 artikels in die spesiale uitgawe opgeneem. Benewens die herwerking van sommige voordragte wat tydens

die spitsberaad gelewer is, is bykomende bydraes gewerf en op die gebruikelike manier aan indringende eweknie-evaluering onderwerp. Die gasredakteur stel in die Woord vooraf dat die artikels fokus op “’n snel veranderende politieke, ekonomiese en sosiale omgewing en die implikasies hiervan vir universiteite; kritiese vrae en perspektiewe ten opsigte van die grondslag en wese van die universiteitswese en dit wat tans in Suid-Afrika besig is om te realiseer; asook die posisie van Afrikaans as taal vir hoër onderwys in Suid-Afrika” (Duvenage 2016:885).

## 2. Nommer 4-2: Los artikels

Die tweede boek van die Desemberuitgawe bevat 9 akademiese artikels oor ’n verskeidenheid onderwerpe: godsdienswetenskap (1), geskiedenis (Nederlandse akademiese boikot teen SA en statistieke oor kampsterftes tydens die ABO) (2), onderwys en tersiêre opleiding van onderwysers (2), filosofie (1), taalpolitiek (Namibië) (1) en ekologiese skryfwerk oor Schalk Schoombie en Antjie Krog (2). Hierbenewens is daar, as respons op die bydraes deur Andries Raath en Danie Strauss in die Junie- en Septemberuitgawes twee stewige bydraes in die afdeling AKTUEEL deur Danie Goosen en Koos Malan na aanleiding van die debat oor “verstaatliking” en die implikasies daarvan vir die huidige SA staatsbestel.

’n Volgende afdeling van die Taalrubriek, asook 2 resensies voltooi die inhoudsopgawe van hierdie boek.

Soos gebruikelik is die Keurders vir die tydperk November 2015 tot Oktober 2016 ook in hierdie uitgawe gelys – ongeveer 107 keurders, uit verskillende vakgebiede en universiteite binnelands, sowel as enkeles uit die buiteland, het gehelp om die gehalte van gepubliseerde artikels te verseker.

### Algemeen:

Daar is altesaam 66 artikels gedurende 2016 gepubliseer in die Maart-, Junie-, September- en Desemberuitgawes (15, 10+12, 9 en 11+9 onderskeidelik). Dit is ’n merkbare vermeerdering in vergelyking met 43 artikels wat gedurende 2015 verskyn het. Dit is waarskynlik te danke aan die spesiale temas wat gedurende 2016 in die TGW geakkommodeer is: Afrikaanse werkwoorde en werkwoordkonstruksies, ’n gespesialiseerde fokusarea met Bertus van Rooy as gasredakteur (9 artikels); Oor monnemente gepraat – Afrikaans se eerste neëntig jaar met Ernst Kotzé en Fransjohan Pretorius as gasredakteurs (10 artikels) en Universiteite: Is die kantelpunt bereik, met André Duvenage as gasredakteur (11 artikels). Soos reeds aangetoon, is die spesiale temas vir Junie en Desember in afsonderlike boeke, eerder as afdelings binne een tydskrifuitgawe, gedruk. Die totale aantal bladsye vir 2016 is 1289 (teenoor 731 in 2015).

### Beplanning vir 2016-uitgawes

Die volgende temanommers is in die vooruitsig gestel:

#### Jaargang 57, Nommer 1 (Maart 2017)

- **Filosofie as aktualiteitsanalise.** Die diagnostiese en kritiese funksie van die filosofie ter ere van Marinus Schoeman met as gasredakteur, Benda Hofmeyr. Benewens Suid-Afrikaanse is ook bydraes van buitelandse kollegas (Nederland en België) gewerf.

#### Jaargang 57, Nommer 2 (Junie 2017)

- **Die Taal- en Letterkundekommissies van die Suid-Afrikaanse Akademie: 1917–2017.** Nerina Bosman en Hennie van Coller is as gasredakteurs aangewys vir die spesiale uitgawe waarin die 100-jarige bestaan van die Taal- en Letterkundekommissies herdenk word. Dit gaan onder meer om die Taalkommissie en verbandhoudende aspekte, waarvan die gereelde uitgawes van die Afrikaanse woordelys en wpeleëls (oftewel die AWS) die belangrikste is; en om die Letterkundekommissie en sy rol as bekroner van literêre gehalte.

### Esther Greeff- en ATKV-SA Akademie-prys

#### ATKV-SA Akademie-prys

Die volgende artikel is deur die Redaksiekomitee aanbeveel vir artikels wat gedurende 2015 in die TGW geplaas is:

- **Bosman, Nerina.** 2015. EET en DRINK in Afrikaans – ’n leksikaal-semantiese ondersoek. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 55(1): 123-146.
- **Esther Greeff-prys**

Die prys vir artikels wat gedurende 2014 in die TGW verskyn het, is tydens die bekroningsplegtigheid in Stellenbosch (September 2016) in absentia toegeken aan Helize van Vuuren vir haar artikel:

- **Helize van Vuuren.** 2014. Passacaglia van J.S. Bach en Das Passagen-Werk van Walter Benjamin – literêre montage as mosaïekwerk in Memorandum. 'n Verhaal met skilderye (2006).

### **NSEF – OR Tambo-lughawe, 1 September**

Die gebruiklike byeenkoms vir die SciELO-groep is hierdie jaar gekanselleer en slegs die NSEF-vergadering het op 1 September by die OR Tambo-lughawe plaasgevind. Benewens 'n vorderingsverslag deur Susan Veldsman, Direkteur van die SPP (“Scholarly Publishing Programme”) het Johann Mouton 'n uiteensetting gegee van tendense in joernaalpublikasies. 'n Interessante statistiese gegewe is dat die TGW onder die top 30 (25ste om presies te wees) tydskrifte gelys word as voorkeurpublikasie vir outeurs.

Belangrik vir die TGW is ook dat die 25/75-reël nie geld vir tydskrifte wat internasionaal geïndekseer is nie. Uit Mouton se gegewens oor sogenaamde ongewenste tydskrifte het dit wel duidelik geword waarom die DNO (DHET) dit nodig gevind het om die maatreël in te stel. Prof. Robin Crewe se besware hieroor aan die departement bly nietemin geldig.

Die hooftema van die forum was “Disruptive trends challenging scholarly publishing”. Die verteenwoordigers is in groepe opgedeel wat die volgende onderafdelings onderling bespreek en daarna by wyse van 'n segsman moes terugrapporteer aan die algemene vergadering: eweknie-evaluering (4 groepe); ooptoegang aanlyn joernale (2 groepe); interne opvolgbeplanning by tydskrifte; wenke vir digitale publikasie; publikasie van data; DNO-beleid betreffende navorsingsuitsette; wettige en onetiese praktyke; evaluering van die akademiese statuur of geloofwaardigheid van die tydskrif.

### **Prof. R.C. (Ina) Wolfaardt-Gräbe**

**Redakteur: Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW)**

## **3.6.2 SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie (SATNT)**

Gedurende 2016 het daar 10 algemene navorsingspublikasies en 7 navorsingspublikasies oor Tegnologie in die Akademie verskyn. Daar was ook 20 referaatopsommings van voordragte wat op die Studentesimposium in Natuurwetenskappe gelewer is. Die gedrukte kopie het 173 bladsye beslaan.

Die Douw Greeffprys vir die beste navorsingspublikasie is toegeken aan proff. A.J. Reinecke, S.A. Reinecke en me. M. van Wyk vir Kan die gevoeligheid van grondlewende organismes bydra om die volhoubaarheid van landbewerking van olieraffinadery afval te beoordeel? wat in die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie, vol. 34, no. 1 (2015) verskyn het.

Daar was 'n ontwikkeling wat 'n ernstige bedreiging vir die toekoms van die SATNT inhou. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het besluit indien daar meer as 25% van publikasies van 'n enkele Universiteit of Navorsingsinstituut in 'n jaar kom, sal die tydskrif akkreditering op die lys publikasies wat vir subsidie aan die Universiteite en Navorsingsinstansies kwalifiseer verloor.

Omdat Afrikaans nie meer by baie Universiteite sterk ondersteun word nie, lewer die besluit ernstige probleme vir die voortgesette akkreditering van die SATNT op. Hierdie maatstaf geld nie vir tydskrifte wat by ISI/Web of Science geakkrediteer is nie. Die SATNT het reeds vir akkreditering by ISI aansoek gedoen. Ons het aan al die vereistes wat gestel word geslaag met die uitsondering dat daar nie voldoende siterings van die SATNT in Web of Science tydskrifte was nie.

Publikasies van verskillende Universiteite in die SATNT sedert 2011:

SATNT		AANTAL PUBLIKASIES					
INRIGTING		2011	2012	2013	2014	2015	2016 (tot 26 Sept.)
<b>NMMU</b>	Nelson Mandela Metropolitan University		1				
<b>NWU</b>	North West University	2	4	6	5	2	5
<b>SU</b>	Stellenbosch University		3	2	1	5	
<b>TUT</b>	Tshwane University of Technology		1	1			
<b>UFS</b>	University of the Free State	1	2	6		3	
<b>UJ</b>	University of Johannesburg		3	4	3	4	3
<b>UNISA</b>	University of South Africa		1	1	2	1	3
<b>UP</b>	University of Pretoria		7	8	3	5	3
<b>UWC</b>	University of the Western Cape			1			
<b>OTHER</b>	Includes international Universities other Research Institutions	1	1	2	0	0	
<b>TOTAAL</b>		<b>4</b>	<b>23</b>	<b>31</b>	<b>14</b>	<b>21</b>	<b>14</b>

**Proff. Kobus Maree en Kobus Eloff**

**Uitvoerende Redakteur: SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie**

### 3.7 Poort-Skryfkompetisie vir kreatiewe skryfwerk deur graad 10-, 11- en 12-leerders

Die Poort-Skryfkompetisie 2016 is afgehandel en die paneel keurders, proff. Thys Human, Tom Gouws en dr. Daniel Hugo, het die Nasionale Wenner Poësie en Prosa aangewys. Hierdie groot eer het Alet Janse van Rensburg (Poësie) van Hoërskool Cradock en Annemarie Wüst (Prosa) van Hoërskool Stellenberg te beurt geval!

**Alet Janse van Rensburg** het 'n besondere gedig, *Wie laaste lag*, geskryf wat uitmunt vanweë die knap beeldspraak, woordspel en metafoorgebruik. Sy het die keurders “verras met haar selfversekerde versvernuf” en is daarom 'n waardige Poësiewenner vir 2016.

**Annemarie Wüst** het 'n aangrypende prosaverhaal geskryf, *Seisoene van verandering*, wat op “sowel inhouds- as struktuurvlak in haar gelaagde raamvertelling beïndruk”. Sy maak geslaagd gebruik van kontrasskepping wat sy uitbou tot 'n roerende klimaks. Annemarie Wüst het die keurders oortuig van haar subtiele beelding sonder om in sentiment te verval. Sy het haarself as belowende jong skrywer uitgesonder in haar bekroning as oortuigende Prosawenner vir 2016.

Die keurderpaneel het voorts ook hul voorkeurlys van Top-10-presteerders in beide genres opgestel en aan my as organiseerder voorsien waarvan die Top-5 in elke genre deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns na die POORT-Skrywerslypskool genooi is.

Hierdie geslaagde Slypskool het van 11-13 Julie 2016 op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein plaasgevind, gesamentlik aangebied deur die Departement Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans en die Fakulteit Geesteswetenskappe (en natuurlik ook die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns). Die drie aanbieders van hierdie Slypskool was prof. Hennie van Coller (akademies en ook digter en dramaturg in eie reg), Gilbert Gibson (digter wat pas bekroon is vir sy poësiebundel *VRY-*) en die alombekende Jaco Jacobs, jeugverhaalskrywer. Hulle drie het die tien aspirantskrywers in die fyner nuanses van die skryfkuns ingelei. Na 'n goedbeplande program van onderrig, moes hierdie 10 kandidate elk 'n nuwe skryfstuk onder die tema, *Ek en die ander*, in die genre van hul keuse vir evaluering inhandig. Te oordeel aan die uitkoms van hierdie nutgeskrewe stukke, was dit duidelik dat elke kind by hierdie Skrywer-Slypskool baat gevind het.

### 3.8 Die Taalkommissie

Die Taalkommissie se primêre oogmerk in 2016 was om die eeufeesuitgawe van die Afrikaanse woordelys en spelreëls gereed te kry vir publikasie in 2017. Afgesien van die gewone werk wat die Taalkommissie deurlopend verrig om nuwe opnames in die Woordelys by te voeg, reëls te verfyn en voorbeelde toepaslik te hou is daar beduidende uitbreidings aan die werk wat gebruikers in staat behoort te stel om nog meer baat by die AWS te vind.

Die eindredaksiekomitee van die AWS het in die middel van November die eerste weergawe van die manuskrip aan die uitgewer, Pharos, oorhandig. Gedurende November en Desember sal die manuskrip ook deur twee oud-TK-lede, Tom McLachlan en dr. Mariëtta Alberts, gefynkam word om foute te identifiseer. Die eindredaksiekomitee vergader weer in Januarie 2017 om die manuskrip af te rond. Die verwagte datum van publikasie is Julie 2017.

### 3.9 Simposium 2016

Die Akademie se jaarlikse simposium het op 6 en 7 Oktober 2016 in Stellenbosch plaasgevind met die tema: **Benutting van diversiteit.**

**Die sprekers was soos volg:**

**Donderdag 6 Oktober 2016:**

**Visuele en uitvoerende kunste**

- Prof. Marisa Keuris, Unisa: Opmerkings oor taaldiversiteit in enkele Afrikaanse dramas: van aanvang tot hede.
- Prof. Amanda du Preez, UP en prof. Danie Goosen, Unisa: Wie se diversiteit?: eentonigheid, eenvormigheid en nie-plek in kontemporêre visuele kultuur.

- Prof. Winfried Lüdemann, US: Afrikaans en musiek. Kantaantekeninge van iemand wat aan die kant teken.
- Mnr. Leon van Nierop, Skrywer en rolprent resensent: Die stand van die Afrikaanse film.

### Onderwys

- Prof. Rinelle Evans, UP: My taal: van moederskoot tot lesingsaal.
- Dr. Refilwe Ramagoshi, UP: Tale: getroud, maar enkellopend.
- Mev. Marie Schoeman, Nasionale Dept. van Basiese Onderwys: Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel en die visie van die Nasionale Ontwikkelingsplan met betrekking tot inklusiwiteit en die akkommodasie van diversiteit.
- Prof. Bert Olivier, Sr. Navorsingsgenoot in Filosofie, UV: Die diversiteit van aannames wat onderliggend is aan navorsing en onderwys.
- Prof. Charl Wolhuter, Dept. Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde, NWU: Die onderwysdoelwitte in die Nasionale Ontwikkelingsplan: evaluering vanuit die nasionale konteks en internasionale normbepalers.

### Benutting van diversiteit

- Dr. Jacques du Plessis, Skool vir Inligtingkunde, Universiteit van Wisconsin, Milwaukee: Toegang tot inligting: 'n vooruitskouing van integrasie van openbare en akademiese biblioteekdienste gerig as 'n geïntegreerde akademiese infrastruktuur vir alle primêre, sekondêre en tersiêre onderwys.
- Prof. Pieter Verster, UV: 'n Sendingwetenskaplike ondersoek na die betekenis van eiesoortige kultuur.
- Prof. Kobus Eloff, Fitomedisyne Program, Fakulteit Veeartsenykunde, UP: Ontginning van die plantdiversiteit van Suid-Afrika: verspeelde kanse, belemmerings, geleenthede en suksesverhale.
- Prof. Danie Strauss, Navorsingsgenoot, Skool vir Filosofie, NWU: Enkele voorwaardes vir die benutting van diversiteit.

### Demokrasie en die grondwet

- Prof. Marinus Schoeman, Dept. Filosofie, UP: Radikalisering van die politiek – 'n gevaar vir die demokrasie.
- Prof. Koos Malan, Dept. Publiekreg, UP: Die grondwet bied die grondslag vir homogenisering eerder as gemeenskapserkenning.

### Openingsplegtigheid:

- Prof. Hermann Giliomee, Stellenbosch: Toekomstvisie vir Afrikaans.
- Vrydag 7 Oktober
- Suid-Afrikaanse universiteite in 'n kompleks-veranderende samelewingskonteks
- Prof. Flip Smit, emeritusprofessor, UP: Die demografie van universiteite: veranderinge in die groei en samestelling van die studentebevolking, die personeel, sukseskoerse en graduering.
- Prof. André Duvenhage, Politieke wetenskappe, NWU en politieke kommentator: Studente-onluste en politieke protes by Suid-Afrikaanse universiteite – die pad vorentoe.

### Waar staan ons nou?

- Dr. Theo de Jager, Agri-Suid-Afrika: Voorlopige tema: Implikasies van grondhervorming.
- R.W. Johnson, skrywer en joernalis, Kaapstad: Where are we now?

## 3.10 Simposiums in die Natuurwetenskappe

### 3.10.1 Studentesimposium

Die sestiende jaarlikse Studentesimposium in die Natuurwetenskappe is aangebied op 27 en 28 Oktober deur die Navorsingfokusarea: Chemiese Hulpbronveredeling (CRB) van Noordwes-Universiteit (NWU), in samewerking met die Afdelings Wis- en Natuurkunde en Chemiese Wetenskappe van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK). Dr. Andrew Swarts van die CRB was verantwoordelik vir die aanvoerwerk by NWU, terwyl mnr. Rudi Pretorius (SAAWK/Unisa) sowel as dr. Hertzog Bissett (SAAWK/NECSA) die SAAWK verteenwoordig het. Hierdie interdisiplinêre simposium bied nagraadse studente die geleentheid om hul navorsing in Afrikaans aan te bied, en daardeur die gebruik van Afrikaans as wetenskaptaal te bevorder. Hierdie jaar is daar sowat 26 mondelinge aanbiedings deur studente van ses verskillende Suid-Afrikaanse universiteite gelewer. Die aanbiedings het 'n verskeidenheid dissiplines soos Fisiese Geografie, Wiskundige Statistiek, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Chemie, Fisika, Chemiese Ingenieurswese, Rekenaarwetenskap en Inligtingstegnologie ingesluit. Die simposium het afgeskop met 'n spogfunksie die Donderdagaand, waartydens die gasspreker, dr. Pieter Geldenhuys, die gehoor

gaande gehad het met sy “2025”. Tydens die openingsfunksie het mnr. Rudi Pretorius ook ’n aanbieding gedoen oor die SAAWK en die geskiedenis en konteks van die simposium, terwyl dr. Hertzog Bisset die bedanking en erkenning van die borge en hul bydraes behartig het. Na ’n openingswoord deur prof. Manie Vosloo (CRB) en aanbiedings oor patente en patentreg deur sprekers van Kisch IP en Adams & Adams (wat ook borge van die simposium is), is die res van Vrydag 28 Oktober deur die aanbiedings van studente in beslag geneem. Hulle aanbiedings is beoordeel en het vir ’n wye reeks pryse en sertifikate wat deur die borge van die simposium beskikbaar gestel is, in aanmerking gekom. Hierdie simposium skep ’n platform vir nagraadse studente van regoor Suid-Afrika om hul navorsing in Afrikaans aan te bied en die sukses van die simposium word gesien in die bydrae wat dit in die breë konteks van die wetenskap in Suid-Afrika lewer.

## 3.10.2 Simposium Biologiese Wetenskappe

Geen byeenkomste is in 2016 gehou nie.

## 3.11 Projekte

### 3.11.1 Plakkate vir skole

Die Akademie het die bestaande plakkate van die Hertzogprys, Dalene Matthee, Adam Small, Elisabeth Eybers, NP van Wyk Louw, Ingrid Jonker, Antjie Krog, Breyten Breytenbach, D.J. Opperman, T.T. Cloete, C. Louis Leipoldt en Uys Krige weer te koop aangebied.

### 3.11.2 Woordeboeke

#### **Naslaanbiblioteek van vaktaalbronne by die SA Akademie**

Die program vir die elektroniese katalogus van die naslaanbiblioteek is reeds geskryf. Die data van die boeke sal volledig ingevoer word wanneer die nuwe gebou voltooi is, aangesien die meeste boeke tans verpak en gestoor is. Intussen is me. Wiida Scholtemeijer besig om die boeke wat by die Akademie se tydelike kantoor is, in die katalogus op te neem.

#### **Tweetalige Kunswoordeboek**

Die woordeboek sal waarskynlik in 2017 of vroeg 2018 in hardekopie by Protea Uitgewers verskyn.

#### **Fisikawoordeboek, Chemiewoordeboek en Paramediese vakwoordeboek**

In Junie 2016 het Viva ’n voorgestelde lisensieooreenkoms voorgelê vir drie van die Akademie se woordeboeke, naamlik die Fisikawoordeboek, Sciwoord-Chemiewoordeboek en die Paramediese vakwoordeboek. Die Raad het by sy vorige vergadering aan Viva ’n nie-eksklusiewe lisensie toegeken om die data van die genoemde drie woordeboeke in Viva se Woordeboekportaal te gebruik.

#### **Bouwoordeboek**

Mnr. Pierre Oosthuizen van die Universiteit van die Vrystaat het op eie inisiatief begin om die boukundelys by te werk. Kundiges soos dr. M. Alberts en ander word hierby betrek.

## 3.13 Die Hertzoggedenklesing

### **Hertzoggedenklesing op Dinsdagaand, 13 September 2016 om 18:30.**

Spreker: Dr. Anton Ehlers, Voorsitter, Departement Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch. Die tema van die lesing: Die Helpmekearbeweging (1915-1917) as “profesie” van die lotgevalle van Afrikanernasionalisme in die eerste helfte van die 20ste eeu: ’n Balansstaat.





### 3.14 Wiskunde-in-Aksie

Die SA Akademie, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), het vanjaar die derde Wiskunde-in-Aksieprojek landwyd aangebied. Die Aksie se doel is om die “Einsteins” van die toekoms te identifiseer en ook erkenning te gee aan leerders wat vroeg reeds briljant presteer. Die kompetisie word beskou as ’n leergeleentheid en skole kon alle belangstellende leerders in graad 6 en graad 7 vir die kompetisie inskryf. Die vraestel is op Dinsdag 26 Julie 2016 geskryf. Altesaam 2 742 leerders van 168 skole het vanjaar aan die Wiskunde-in-Aksie deelgeneem.

Prettdae word by die verskillende universiteite aangebied en die terugvoering is besonder positief. Die 30 leerders wat die beste in ’n streek presteer het, word daarheen genooi en streekweners aangekondig en ontvang pryse. Ook nasionale weners word beloon.

### 3.15 Bekronings 2016

Toekennings vir prestasies in die wetenskap en die kunste is by geleenthede in Pretoria (29 Junie) en Stellenbosch (7 Oktober) aan uitnemende Suid-Afrikaners uitgereik.

Die volgende toekennings is gemaak:

#### 29 Junie:

- Die Poortprys vir poësie aan Alet Janse van Rensburg van die Hoërskool Cradock.
- Die Junior Kaptein Scott-gedenkmedalje aan me. Lindi Steyn.
- ’n Besondere erepenning van die SA Akademie aan me. Karen Meiring.
- Die Erepennig vir Visuele Kunste (beeldhoukuns) aan Maureen Quin.
- Die Erepennig van die SA Akademie se Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie aan prof. A. Oldewage.
- Die Stalsprys vir Politieke Wetenskap aan prof. D.J. Geldenhuys.
- Die Havengapry vir Lewenswetenskappe aan prof. A.M. Viljoen.
- Die Havengapry vir Gesondheidswetenskappe aan prof. R.C. Pattinson.
- Die Ds. Pieter van Drimmelenmedalje aan prof. H.C. van Zyl.
- Die Totiusprys vir Teologie en die studie van die grondtale van die Bybel aan prof. J.M. Vorster.
- Die M.T. Steynprys vir natuurwetenskaplike en tegniese prestasie aan prof. I.G. Horak.

#### 7 Oktober:

- Die Poortprys vir prosa aan Annemarie Wüst van die Hoërskool Stellenberg, Durbanville.
- Die Douw Greeffprys aan proff. S.A. en A.J. Reinecke en me. Mia van Wyk.
- Die Alba Bouwerprys vir kinderliteratuur aan Kobus Geldenhuys.
- Die Scheepersprys vir jeugliteratuur aan Marita van der Vyver.
- Die Protea Boekhuisprys vir beste gepubliseerde geskiedeniswerk in Afrikaans aan Carel van der Merwe.
- Die Eugène Maraisprys aan Stephanus Muller.
- ’n Besondere Erepennig van die Akademie aan dr. Renata Coetzee.
- Die Erepennig vir televisiedrama in Afrikaans aan John Trengove.
- Die Erepennig vir rolprentkuns aan Katinka Heyns.
- Die Huberte Rupertprys vir klassieke musiek aan Ben Schoeman.
- Die Deleen Bekkerprys vir beste draaiboek vir TV-drama in Afrikaans aan Paul C. Venter.
- Die Stalsprys vir ekonomie aan prof. Estian Calitz.
- Die Stalsprys vir geskiedwetenskappe aan prof. Ernst Stals.
- Die Gustav Prellerprys vir literatuurwetenskap en letterkundige kritiek aan prof. Louise Viljoen.
- Die Goue Akademiemedalje aan prof. M.J. Samways.
- Die Frans du Toitmedalje vir bedryfsleiding aan dr. Johan van Zyl.
- Die Hertzogprys vir prosa aan Willem Anker.
- Erelidmaatskap postuum aan prof. Adam Small. Sy eggenote, dr. Rosalie Small het dit in ontvangs geneem.

### 3.16 ATKV-SA Akademieprys 2016

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) stel 'n jaarlikse prysgeld van R60 000 beskikbaar vir die bekroning van ses gepubliseerde Afrikaanse artikels wat in 'n betrokke jaar in 'n geakkrediteerde tydskrif verskyn het, dus R10 000 per artikel. Vier pryse is bestem vir artikels in die geesteswetenskappe en twee vir artikels in die natuurwetenskappe. Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns hanteer die keuringsproses.

In 2016 is die beste artikels wat in 2015 verskyn het en deur redakteurs van geakkrediteerde tydskrifte aan die Akademie voorgelê is, beoordeel.

Die prysweners was soos volg:

#### **Geesteswetenskappe:**

- Prof. Adèle Nel, Vakgroep Afrikaans en Nederlands, Noordwes-Universiteit (Vaaltriehoekcampus) vir haar artikel *Spel en die spelende mens in "Die sneuslaper"* (Marlene van Niekerk), *"Klimtol"* (Etienne van Heerden) en *"Wolf, Wolf"* (Eben Venter) wat by LitNet Akademies, 12 (1) April 2015 verskyn het.
- Prof. Nerina Bosman, Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria vir haar artikel *EET en DRINK in Afrikaans – 'n leksikaal-semantiese ondersoek* wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55 (1), Maart 2015 verskyn het.
- Prof. Andries G. van Aarde, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria vir sy artikel *Vredemakers as kinders van God (Matt 5:9): 'n Pragmatieslinguïstiese lesing* wat in *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 71 (1), 2015 verskyn het.
- Prof. Ernest van Eck, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria vir sy artikel *Die gelykenisse van Jesus: Allegorieë of simbole van sosiale transformasie?* wat in *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies*, 71 (3), 2015 verskyn het.
- Die prys word gedeel met prof. Willie Burger, hoof van die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria vir sy artikel *Historiese korrektheid en historiese fiksie: 'n respons* wat in *Tydskrif vir Letterkunde*, 52 (2), 2015 verskyn het.

#### **Natuurwetenskappe:**

- Proff. Adriaan J. Reinecke en Sophia A. Reinecke en me. Mia van Wyk, Departement Plant- en Dierkunde, Universiteit van Stellenbosch vir hulle artikel *Kan die gevoeligheid van grondlewende organismes bydra om die volhoubaarheid van landbewerking van olieraffinadery afval te beoordeel?* wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 34 (1), 2015 verskyn het.
- Prof. Peet du Toit, dr. Nicoleen Coetzee, prof. Ernst Krüger, prof. Ronél Ferreira, me. Evangeline Nortje en prof. William Fraser van die Universiteit van Pretoria en mev. Elizabeth Rudolph en prof. Yvonne Joubert, Unisa, vir hulle artikel *"Kardiovaskulêre-gesondheidsrisiko onder universiteitstudiante in Suid-Afrika"* wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 34 (1), 2015 verskyn het.

### 3.17 Die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO)-Beursprojek

- **Beursprojek:** Die projek het in Junie 2015 afgeskop met as eerste fase 'n fokus op finale jaar doktorsale studente en ook postdoktorsale studente. 89 aansoeke vir M- en D-grade vir 2016 is ontvang en verwerk.
- **Stimulering van navorsingsprojekte in en/of oor Afrikaans:** Die Trust Afrikaanse Onderwys het besluit om waar nodig proaktief te wees en leemtes te identifiseer en projekte te befonds wat hierdie tekortkominge kan aanspreek.
- Die moontlikheid van opdragnavorsing vir die korttermyn is oorweeg.
- Die SA Akademie het 'n ondersoek na die stand van terminologie-ontwikkeling in die RSA onderneem en afgehandel o.l.v. dr. Mariëtta Alberts.
- **Afrikaanse Akademiese Boeke:** 'n Bedrag is vir die drukkoste van Afrikaanse boeke beskikbaar gestel. Die Trust verwys aansoeke wat aan hulle gestuur word, direk na die SA Akademie. Aansoeke is reeds van uitgewers ontvang. Akademielede is genader met die oog op die bepaling van die behoefte aan Afrikaanse akademiese boeke en die terugvoering is verwerk.

- **Navorsing in en oor Afrikaans:**

- » **Spitsberade:** 'n Spitsberaad in Februarie 2016 met as tema Studenteonluste en die implikasies vir Afrikaans het plaasgevind. Daar is besluit dat die inisiatief met 'n jaarlikse spitsberaad in belang van Afrikaans voortgesit sal word. Die insette van Akademielede en veral die veranderende omgewing is in dié verband in ag geneem. In opvolging hiervan is Universiteite: Is die kantelpunt bereik? as publikasie tydens 2016 se Akademiesimposium te Stellenbosch aangebied en 'n Spesiale TGW oor dié onderwerp het verskyn.
- » **Navorsingsversoeke:** Veertien navorsingsversoeke is ontvang en 'n bedrag van R880 000 is reeds goedgekeur. Aansoeke van gerekende en erkende navorsers word ingewag en sal vir ondersteuning in ag geneem word.

### 3.18 Administrasie van die Jan H. Maraisprys

Die Jan H. Maraisprys is in 2015 ingestel deur drie van die belangrikste instansies wat hulle bestaan te danke het aan die erflating van Johannes Henoeh Marais (1850-1915), 'n vooraanstaande Stellenbosser en 'n voormalige inwoner van Kimberley waar hy sy welvaart opgebou het. Die instansies is Het Jan Marais Nasionale Fonds, Naspers (Media 24) en die Universiteit van Stellenbosch. Die eerste Jan H. Maraisprys vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal is aan prof. H.B. (Hermann) Giliomee toegeken. Die prys ter waarde van R500 000 is op 30 Mei 2016, die herdenking van die sterfdag van wyle Jannie Marais, tydens 'n funksie op Stellenbosch aan prof. Giliomee oorhandig word. Die prys word jaarliks toegeken as erkenning vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans. Die SA Akademie hanteer die administrasie van die prys en dit sal weer in 2017 toegeken word.

### 3.19 WikipediaProjek

Die Afrikaanse Wikipedia is die Afrikaanse weergawe van die webgebaseerde vrye-inhoud-ensiklopedie. Wikipedia bestaan sedert 16 November 2001. Daar is reeds Wikipedias vir 293 tale en as 86ste grootste Wikipedia beskik die Afrikaanse Wikipedia tans oor ongeveer 41 020 artikels. Benewens Wikipedia se rol as die grootste (en steeds groeiende) ensiklopedie ooit, is dit ook 'n sleutelhulpbron in veeltalige kennisonttrekking en taaltegnologie in die wêreldwye web. Vir Afrikaans om in die digitale wêreld te gedy, moet die Afrikaanse Wikipedia groot en van hoë gehalte wees. Omdat Wikipedia by uitstek 'n gemeenskapsprojek is waaraan enige persoon kan deelneem en meewerk, is dit die ideale manier vir Afrikaanssprekendes om saam te bou aan die toekoms van Afrikaans.

Die Akademie se projek om tot die Afrikaanse Wikipedia by te dra geskied onder die leiding van prof. Laurette Pretorius. Deur middel van gereelde (maandelikse) informele werkwinkels word gepoog om die uiters omvattende rykdom van kennis wat in die lede van die Akademie gesetel is, vir die Afrikaanse Wikipedia te mobiliseer. Tydens die werkwinkels word belangstellendes touwys gemaak oor hoe om betrokke te raak en gedagtes word uitgeruil oor hoe om die projek verder uit te brei en te verbeter. Die eerste paar byeenkomste het in Pretoria plaasgevind en die plan is om dit stelselmatig na ander streke uit te brei. Navraag is reeds van Potchefstroom, Bloemfontein en Stellenbosch ontvang en die vooruitsig is dat werkwinkels voor die einde van 2016 in dié sentra aangebied sal word.

Medewerkers kan enige van die volgende wees:

- Kundiges wat nuwe artikels skryf;
- Kundiges wat goeie artikels uit anderstalige Wikipedias vertaal;
- Enigiemand wat bereid is om nuwe en bestaande artikels te redigeer;
- Enigiemand wat die Wikipedia in Afrikaans gebruik.



## 4. KOMMISSIES VAN DIE RAAD

---

### 4.1 Oudit- en Risikobestuurkomitee

Die kommissie bestaan uit die volgende lede: Mnr. P.R. Botha (voorsitter), proff. Irma Eloff en O.B.W. Greeff, me. Olga Kotzé, proff. J.J. Rossouw en J. van der Elst. Ex officio: prof. W.J. Pienaar, dr. Dionē Prinsloo en mev. Hanlie Willemse (Finansiële Beampte).

Drie kommissies en 17 keurkomitees het oor die toekenning van Akademiepryse vergader.

### 4.2 Letterkundekommissie

Die kommissie bestaan uit die volgende lede: Proff. H.P. van Coller (voorsitter), W.D. Burger, Thys Human, C.H.F. Ohlhoff, H.E.J. van Vuuren, Hein Viljoen, A.G. Visagie. Sekundi: Drs. Anastasia de Vries en prof. Susan Smith.

Die Letterkundekommissie het weer vir Breyten Breytenbach nomineer as 'n kandidaat vir die Nobelprys vir Letterkunde.

### 4.3 Taalkommissie

Die kommissie is soos volg saamgestel: Prof. G.B. van Huyssteen (voorsitter), dr. H. Beyer, prof. F.S. Hendricks, me. S. Kapp, dr. F.J. Lombard, proff. P. Louw, J. Luther, M. Pienaar en me. S. Pilon (sekretaris).

### 4.4 Geskiedeniskommissie

Die kommissie is soos volg saamgestel: Proff. F. Pretorius (voorsitter), J.W.N. Tempelhoff (ondervoorsitter), J.A. du Pisani, dr. Lindie Koorts, E.S. van Eeden, dr. D. Prinsloo, prof. W.P. Visser en prof. A. Wessels.

### 4.5 Kommissie vir Uitvoerende Kunste

Die kommissie is soos volg saamgestel: Prof. N.J. Luwes (voorsitter), mnr. P. Boekkooi, proff. V. Davids, I.J. Grové en mnr. L. van Nierop.

### 4.6 Onderwyskommissie

Die kommissie is soos volg saamgestel: Proff. Irma Eloff (voorsitter), J. Booyse, drr. H. Davies, P. Edwards, prof. G.V. Lautenbach, dr. M.L.A. le Cordeur, prof. F.J. Nieuwenhuis, mnr. J. van der Westhuizen en dr. Surette van Staden.

### 4.7 Kommissie vir Visuele Kunste

Die kommissie is soos volg saamgestel: Proff. A.E. Duffey (voorsitter), J. Botha, mnr. Nicholas Clarke, proff. E. Gunter en D.J. van den Berg.



## 5. SAKE WAARVAN MELDING GEMAAK MOET WORD

**Blootstelling aan die Media:** Die SA Akademie is gedurende 2016 meermale in die gedrukte media vermeld. Die Voorsitter en die HUB het verskeie kere deelgeneem aan radio- en TV-programme. Hier volg 'n opsomming van nuusdekking oor die afgelope tydperk:

*Lewe van onthou afgesluit – Dr. Cas Bakkes*  
*Benoeemings gevra vir groot prys (Jan H. Maraisprys*  
*US-raadslid nou Akademia se akademiese hoof*  
*Piet le Roux*  
*Tyd min vir groot prys vir wetenskap*  
*Waarheen nou oor taal? – dr. Michael le Cordeur*  
*Ons almal is die taalmakers (prof. Gerhard van*  
*Huyssteen)*  
*Waarom dit 'n leeftyd se uitdaging is om die middelklas*  
*te bereik en daar te bly*  
*Poolse skrywer praat oor Afrikaans*  
*Selfsensuur verlam ons – Tim du Plessis*  
*Die man wat jou woorde tel – Prof. G. van Huyssteen*  
*Kanalla-dorp was 'colourful' – M. le Cordeur*  
*Education Watch: Institute for Future Research*  
*Hou jou nek styf vir Griekse Afrikaans – Prof. G.*  
*van Huyssteen*  
*Fanie Olivier se groot verseboek van die liefde*  
*Sailor roep vergeefs om redigering*  
*Fonteinstraat se mense – 'n Terugblik 50 jaar gelede*  
*M. le Cordeur*  
*Besnoeiings universiteite se 'enigste oplossing'*  
*Universiteite 'speelplek van vernietiging'*  
*Getal Afrikaanse skole krimp erg sedert 2010*  
*Delamaine du Toit onthou vir Dante-vertaling*  
*'Gehalte sal daal weens Fees Must Fall'*  
*Behoede ons van Afrikaans sonder kappie*  
*Die SA Akademie veroordeel geweld op kampusse*  
*'Fritz Deelman' se pa oorlede (Leon Rousseau)*  
*Hulde aan 'n begaafde boekemens (Leon Rousseau)*  
*Taalreus Anton Prinsloo se stem stil*  
*Op soek na Sisca Julius (Poort 2015)*

*Beeld, 8 Januarie 2016*  
*Die Burger, 13 Januarie 2016*

*Beeld, 14 Januarie 2016*  
*Rapport, 17 Januarie 2016*  
*Die Burger, 19 Januarie 2016*

*Beeld, 23 Januarie 2016*

*Finweek, 28 Januarie 2016*  
*Beeld, 29 Januarie 2016*  
*Beeld, 3 Februarie 2016*  
*Beeld, 6 Februarie 2016*  
*Die Burger Forum, 11 Febr. 2016*

*Beeld, 12 Februarie 2016*  
*Beeld, 15 Februarie 2016*  
*Beeld, 15 Februarie 2016*

*Paarl Post, 18 Febr. 2016*  
*Beeld, 18 Februarie 2016*  
*Beeld, 18 Februarie 2016*  
*Beeld, 18 Februarie 2016*  
*Beeld, 18 Februarie 2016*  
*Beeld, 19 Februarie 2016*  
*Beeld, 19 Februarie 2016*  
*LitNet, 23 Februarie 2016*  
*Beeld, 25 Februarie 2016*  
*Beeld, 26 Februarie 2016*  
*Beeld, 28 Februarie 2016*  
*De Kat, Maart/April 2016*



So word wolf skaapwagter in SA skole (Chris Klopper)  
UP-groep wil Afrikaans oopmaak  
Afrikaansgroepe takel rastwis  
Op die spoor van Boere-spoekfondse  
Blade sny diep in krisis  
Blade sny diep in krisis  
SA Akademie glad nie apaties  
Giliomee vereer vir werk in Afrikaans  
Wenner van eerste Jan H. Maraisprys aangewys  
Giliomee eerste wenner van Jan H. Maraisprys  
Danksy VivA kan jy Afrikaans digi-Taal  
Afrikaans is oop vir geleenthede  
ANC buit Afrikaans uit  
Staan vas vir lang woorde (Gerhard van Huyssteen)  
'Buys' (Hertzogprys) en 'nagmusiek' (Eugène Marais-  
prys) wen weer  
SA Akademiepryse toegeken  
Staan vas vir lang woorde (G. van Huyssteen)  
Visekanseliers wat nie kan nie (US-Taalbeleid)  
'Moeilike teks' besorg hoogleraar twee pryse  
(prof. Helize van Vuuren)  
Croucamp het geen snars begrip van poësie  
DA se beleidsdokument steun moedertaalonderrig  
M. le Cordeur  
Stellenbosch Univ., Mei 2016  
Deur die smeltkroes  
Sleutel tot oorlewing  
Bouers en bevryders  
Wie is Afrikaanses?  
Steek eerder hand in eie boesem (Tom McLachlan)  
Taalgesprek is nodig  
Verenig diverse mense – Taaldebat  
Laat ons onself wees (Afrikaans en sy mense)  
Stryd nie nêr oor taal  
Tyd ryp vir taalstryd?  
Beskerm diversiteit  
Net so noodsaaklik as gevaarlik (NWU)

Beeld, 3 Maart 2016  
Beeld, 4 Maart 2016  
Beeld, 4 Maart 2016  
Beeld, 9 Maart 2016  
Netwerk24, 13 Maart 2016  
Beeld, 14 Maart 2016  
Beeld, 16 Maart 2016  
Beeld, 24 Maart 2016  
MaroelaMedia, 24 Maart 2016  
Die Burger, 24 Maart 2016  
Beeld, 29 Maart 2016  
Beeld, 29 Maart 2016  
Beeld, 31 Maart 2016  
Beeld, 1 April 2016  
  
Beeld, 1 April 2016  
MaroelaMedia, 1 April 2016  
Beeld, 1 April 2016  
Beeld, 13 April 2016  
  
Die Burger, 19 April 2016  
Netwerk24, 22 April 2016  
Beeld, 8 Junie 2016  
  
Beeld, 3 Mei 2016  
Beeld, 4 Mei 2016  
Beeld, 5 Mei 2016  
Beeld, 6 Mei 2016  
Die Burger, 7 Mei 2016  
Beeld, 10 Mei 2016  
Beeld, 10 Junie 2016  
Beeld, 11 Mei 2016  
Beeld, 12 Mei 2016  
Beeld, 13 Mei 2016  
Beeld, 17 Mei 2016  
Netwerk24, 18 Mei 2016

Olifant in die vertrek  
Afrikaans nié gelyk aan Engels by US  
Marais-prys 'n groot eer vir Giliomee  
Tuks se vooroordele ongegrond  
Só 'fight' ons vir ons taal  
Kortsigtig en naïef – Engels sal onderwys nié regruk,  
sê akademikus  
So 'n gesprek is vinnig nodig – Afrikaans en sy mense  
Hoe moet ons jeugdag vier? – M. le Cordeur  
In die koue van 1976 – M. le Cordeur  
Kaapse Afrikaans is so kleurryk – hoe lyk jōu Afrikaans?  
M. le Cordeur  
Dubbele slag vir Afrikaans  
English is here to stay, and so is Afrikaans – M. le  
Cordeur  
Research@SU, 23 Junie 2015  
US kies Engels  
Obsessie om EFF te paai, sê raadslid  
Die taal (Adam) is nou in die hemel – M. le Cordeur  
'n Huldeblyk aan Adam Small  
Prof. Heyns in VN se komitee oor menseregte  
